PNHS
VOOR IN DIE WAPAD BRAND 'N LIG

# HOËRSKOOL PRETORIA-NOORD

PRIVAATSAK X05
PRETORIA-NOORD
0116
E-pos: administrasie@pnhs.co.za

H/V BERGLAAN EN EEUFEESSTRAAT
PRETORIA-NOORD
TEL: (012) 546-6590
FAKS: (012) 546-9463

**17 September 2020**

**OB: 32 / 2020**

**Geagte ouers**

## 1. Lief en Leed

Dit is met leedwese dat ons kennis gekry het van die afsterwe van een van ons ouers, Mnr. Manie Swart. Ons dra sy gesin op in ons gebede.

## 2. H/S Pretoria-Noord 11 September tot 17 September

Die week het sonder voorval verloop en daar word fluks gewerk.

Ons skoolbywoning vir hierdie week was 99% vir graad 12, 92% vir graad 11, 92% vir graad 10, 93% vir graad 9 en 94% vir graad 8. Ons skoolbesoek is uitstekend baie dankie hiervoor, ons is besig om ons leerders se akademiese jaar te red des ondanks al die terugslae van die jaar.

## 3. Kultuur: FAK Afrikaanse Ekspo 2020

Selfs COVID 19 kon ons nie herdie jaar stuit met die Afrikaanse Ekspo nie en ons leerders het fluks aanlyn gewerk!

- Vir die vierde agtereenvolgende jaar is H/S Pretoria-Noord as die wenner van die kompetisie aangewys met by die 300 inskrywings. Ons deel hierdie jaar ons eerste plek met H/S Goudveld.
- Baie geluk aan die volgende kategoriewenners: Wian van der Heever (gr. 9) Dagboekinskrywing, Jandré Malan (gr. 10) Dagboekinskrywing, Juanita Lindeque (gr. 11) wen 2 kategorieë met Resensie en Opstel en Jansie Lindeque (gr. 12) Resensie.
- Ilza Strydom oud-leerder wat tans by UNISA studeer is ook 'n kategoriewenner vir studente met Dagboekinskrywing.

## 4. Algemene Ouervergadering

**Geagte ouers neem asseblief kennis dat ons algemene jaarvergadering vir ouers, waar die begroting vir 2021 voorgelê, bespreek en goedgekeur sal word, word geskeduleer vir Dinsdag, 20 Oktober 2020 om 18H00. Met die verlaging van COVID regulasies na vlak 1 sal dit nie meer nodig wees om hierdie vergadering virtueel te hou nie en sal dit soos normal**

**in die skoolsaal plaasvind. Ons nooi al ons ouers uit om deel te wees van hierdie baie belangrike vergadering en u insette te lewer. Volgens regulasies moet daar 'n kworum wees, indien daar nie 'n kworum op Dinsdag, 20 Oktober 2020 is nie sal die vergadering op Maandag, 9 November 2020 plaasvind en voortgaan al is daar nie 'n kworum nie. Die voorlopige begroting sal beskikbaar wees by ons finansiële kantoor per afspraak vanaf Maandag, 6 Oktober 2020 vir insae.**

## 5. Skoolkalender: 24 / 25 September 2020

Geagte ouers ons bevestig dat Donderdag, 24 September 2020, Erfenisdag is en daarom 'n vakansiedag, **maar dat Vrydag, 25 September 2020 weer 'n gewone skooldag is volgens die amptelike skoolkalender. Dit is der halwe nie 'n langnaweek nie**. Daar is ook 'n Toerisme toets geskeduleer vir Saterdag, 26 Septemember 2020. Doen asb. u beplanning hiervolgens. Vanweë ons program, tyd- en mannekragdruk is dit onmoontlik vir ons om individuele reelings te tref om leerders te akkommodeer.

## 6. Merietefunksie 2020: Aktiwiteite buite skoolverband

Enige provinsiale en nasionale prestasies vir aktiwiteite buite skoolverband moet asseblief by juffrou Swanepoel in K 62 aangemeld word met bewyse vir meriete-erkenning.

## 7. PNHS Gholfdag: 13 November 2020

Baie dankie vir juffrou Smith wat vir ons skool se gholfspelers hierdie jaar die haas uit die hoed gepluk het en wel vir ons kon voortgaan met die reël van 'n gholfdag. Al is dit bietjie later in die jaar glo ons, ons gholfspelers sal baie hierna uitsien en beloof dit om weer iets besonder te wees. Dit sal plaasvind by Four Seasons baan op Brits op "gelukkige" Vrydag,13 November 2020. Vierbal-besprekings en putjieborge kan by Mev. Smith by annekesmith8@gmail.com of by 071 609 4299 gedoen word. Bespreek maar eerder vroeer as later, ons verwag 'n redelike toeloop van "Uitgehongerde" gholspelers.

## 7. Program vir die week

| | | |
|---|---|---|
| Vrydag, 18 Sept: | * | **Graad 12 Rekordeksamen**. |
| | * | Graad 8- 11, dag 4, groep B. |
| Saterdag, 19 Sept: | * | Toetsdag<br>**Sessie 1: 08H00 – 09H15: Leerders meld 07H30 aan by Berglaanhek en toets begin stiptelik om 08H00:**<br>Engels graad 9.<br>Gasvryheidstudies graad 11.<br>**Sessie 2: 09H30 – 10H45: Leerders meld om 09H00 aan by Berglaanhek en toets begin stiptelik om 09H30:**<br>Wiskunde graad 8.<br>Lewenswetenskappe graad 10. |
| Maandag, 21 Sept | * | **Graad 12 rekordeksamen.** |
| | * | Graad 8 – 11, dag 5 groep A. |
| Dinsdag, 22 Sept. | * | **Graad 12 rekordeksamen.** |
| | * | Graad 8 – 11, dag 5 groep B. |

Woensdag 23 Sept. * **Graad 12 rekordeksamen.**
* Graad 8 – 11, dag 6 groep A.

Donderdag, 24 Sept.* **Skoolvakansie: Erfenisdag.**

Vrydag, 25 Sept.: * **Graad 12 rekordeksamen**
* Graad 8 – 11, dag 6 groep B.

Saterdag 26 Sept.: * Toetsdag
**Sessie 1: 08H00 – 09H15: Leerders meld 07H30 aan by Berglaanhek en toets begin stiptelik om 08H00:**
Toerisme, graad 10.

Vriendelike groete

Mnr. CJC Driescher
Hoof

Geagte ouers,

Ons het u hulp nodig in 'n navorsingstudie wat fokus op die optimale omgewing van 'n kind in die klaskamer met die klem op die grootte van die kinders versus die grootte van skoolbanke.

FEDSAS ondersteun die gedagte van akademiese navorsing oor aspekte wat die onderwyssektor kan bevorder. Ons wil u graag versoek om deel te neem en u ouergemeenskap te vra om die kort vraelys in te vul.

Ons versoek u om deel te neem aan 'n vrywillige navorsingsprojek aangaande die grootte van kinders versus die grootte van skoolbanke. Sal u asb so gaaf wees en die skakel hieronder volg om 'n kort vraelys in te vul. Die opname sal omtrent 1-2 minute per individu se afdeling neem om te voltooi.

Vriendelike FEDSAS-groete

Afrikaans:
https://forms.gle/DSB8KUgj6MUz3Fem9

FEDSAS




Noorderlig
PNHS
Leerder Ondersteuning

Baie dankie vir almal se bydrae en omgee. Ons benodig enige nie-bederfbare produkte. Los asb by Philip by Eeufees hek.

Baie dankie
Noorderlig